Redaksioneel

Marni Bonthuys

Hierdie uitgawe van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* (*TN&A*) merk die dertigste bestaansjaar van die tydskrif. Die eerste uitgawe verskyn in 1994 onder die redakteurskap van Wilfred Jonckheere, tóé professor in die Vakgroep Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Natal, Pietermaritzburgkampus. In sy eerste redaksionele skrywe onder die titel "Op hoop van zegen" skryf hy optimisties oor die einde van die kulturele boikot en die belofte wat hernude samewerking tussen navorsers in plaaslike departemente Afrikaans en Nederlands en kollegas uit die Lae Lande vir die vakgebied inhou. Ek haal aan uit hierdie redakteursbrief (saam met al ons vorige uitgawes op die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek, SAVN, se webtuiste te vinde):

> Die feit dat die in 1993 opgerigte Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN) in 1994 met 'n nuwe tydskrif vorendag kom, is 'n duidelike teken van die Vereniging se vertroue in die toekoms van die studie van Nederlands en Afrikaans in Suid-Afrika. Aan die voortbestaan van Afrikaans in 'n veranderende Suid-Afrika twyfel die Vereniging nie 'n oomblik nie. Met die Neerlandistiek in Suid-Afrika is dit natuurlik anders gesteld, veral omdat die vak deur politieke omstandighede jarelank moes voortploeter sonder die amptelike steun van en kontak met Nederland en Vlaandere. Aan die droogte het gelukkig 'n einde gekom noudat die akademiese bande tussen die betrokke lande weer herstel en kulturele interaksie opnuut moontlik is. Ons wil dan ook op hierdie plek onmiddellik ons hartlike dank betuig aan die Nederlandse Taalunie wat die Neerlandistiekkongresse van Potchefstroom (1992) en Umhlanga (1993) finansieel gesteun het en onlangs ook 'n som toegeken het om hierdie tydskrif te help uitgee. Ons vertrou ook daarop dat die Taalunie se verdere inisiatiewe daarin sal slaag om nuwe lewe te blaas in die Neerlandistiek in Suid-Afrika.

Dit is interessant om dertig jaar later terug te kyk na hierdie hoopvolle woorde en na te dink oor die suksesse en verliese sedertdien. Soos daar wyd in die media berig is in 2013 is Afrikaans grotendeels afgeskaal aan Jonckheere se destydse universiteit, vandag bekend as die Universiteit van KwaZulu-Natal. Talle ander Afrikaans-departemente se dosentekorps is ingrypend verklein en die meeste Afrikaans-departemente voel die druk van kwynende studentegetalle óf te min personeel. Wat Nederlands betref, is dit, soos Angelique van Niekerk se bydrae in hierdie uitgawe illustreer, nie meer 'n noodwendige deel van die amptelike kurrikulum van alle departemente Afrikaans en Nederlands in Suid-Afrika nie. Tóg is daar steeds 'n groep ywerige Suid-Afrikaanse akademici wat veel

tyd en energie in die Neerlandistiek as vakgebied in Suid-Afrika stoot. Sien die huidige SAVN-voorsitter, Adri Breed (Noordwes-Universiteit, NWU), se verwelkomingswoord wat uit die kongresboekie van die SAVN-kongres in 2022 hier oorgeneem is. As gevolg van die impak van die Covid-pandemie is die kongres as onderdeel van die Internationale Vereniging voor Neerlandistiek (IVN) se kollokwium in Nijmegen aangebied. Soos uit Breed se uiteensetting blyk, is die Nederlandse Taalunie (vandag nét bekend as die Taalunie) steeds nóú betrokke by die befondsing van aktiwiteite en opleiding in departemente Afrikaans en Nederlands.

Daar is voorts stewige fondamente waarop die huidige groep Neerlandici in Suid-Afrika kan voortbou. Pioniersfigure soos die ontslape Jacques van der Elst (NWU), oud-leerstoelhouer vir Suid-Afrikaanse Letterkunde aan die Universiteit van Amsterdam Ena Jansen, Siegfried Huigen (destyds aan die Universiteit van Stellenbosch, US) en die legendariese Van Zyls (Dorothea van US en Wium van Universiteit van Wes-Kaapland, UWK), het enorme werk gedoen om die SAVN te vestig en bande tussen Afrikaans-departemente sowel as kollegas in die Lae Lande te bou wat gelei het tot die uitwisseling van tientalle studente en die oorsese opleiding van die meeste akademici wat vandag aan Afrikaans-departemente doseer.

Ook het hulle gehelp om via die SAVN die vaktydskrif *TN&A* in die lewe te roep, soos Jonckheere se aanhaling duidelik maak. Ná Jonckheere neem Siegfried Huigen (US) redakteurskap van *TN&A* oor gevolg deur Wium van Zyl en Steward van Wyk (UWK). Hierna skuif die redakteurskap noorde toe onder Phil van Schalkwyk (NWU) en sedert 2017 is dit terug by UWK onder my redakteurskap met Marius Swart (US) wat onlangs as mede-redakteur by my aangesluit het. Talle gasredakteurs van verskillende Suid-Afrikaanse en oorsese universiteite het oor die jare al aan *TN&A* meegewerk, onder andere Ena Jansen, Ronel Foster, Piet Swanepoel, Henriette Roos, Andries Visagie, Jaap Goedegebuure, Dietloff van der Berg, Heidi de Villiers, Louise Viljoen, Yves T'Sjoen en Alwyn Roux. Die tydskrif het self al krisisse in die gesig gestaar as gevolg van gebrek aan beskikbare kopie, beperkte befondsing en uitdagings rondom akkreditasie. Tans is *TN&A*, soos die Neerlandistiek in Suid-Afrika, egter op 'n stabiele plek. Uitgawes bly vol en ons is in die proses om ons akkreditasievlak te lig sodat die tydskrif in meer akkreditasie-indekse sal verskyn. Via blootstelling op Sabinet is artikels ook meer geredelik op algemene akademiese soekenjins beskikbaar.

Die huidige uitgawe bevat artikels wat verwerk is uit referate gelewer by die reeds vermelde IVN-kollokwium wat in 2022 in Nijmegen plaasgevind het. **Adri Breed** en **Daniël van Olmen** se bydrae is taalkundig van aard en fokus op hoe Afrikaanse en Nederlandse sprekers na afgeleide onpersoonlike kontekste verwys.

Ook **Angelique van Niekerk** se bydrae skakel met die (toegepaste) taalkunde. Sy skryf oor 'n Nederlandse taalverwerwingkursus vir Afrikaanssprekendes wat aan die Universiteit van die Vrystaat geloods is. Aan die literêre kant is daar 'n artikel van **Andries Visagie** oor surrealisme en kolonialisme met kortverhale van Jan Rabie en Harry Mulisch wat vergelyk word. **Sonja Loots** skryf in haar artikel (die tweede in 'n reeks oor die Nama-opperhoof Hendrik Witbooi) oor voorstellings van hierdie veelbesproke figuur in Afrikaanse en Nederlandse tekste. **Elizabeth Viljoen** ondersoek die kultuurskeppende funksie en magiese ruimte van spel aan die hand van Etienne van Heerden se *Klimtol* en Rob van Essen se *De goede zoon*. Nog 'n artikel met 'n komparatistiese benadering tot literêre tekste word deur **Ilse de Korte**, **Andrew Sutton** en **Martina Vitackova** gelewer oor die voorstelling van seks in 'n Afrikaanse en Nederlandse herskrywing van E.L. James se topverkoper, *Fifty Shades of Grey.* Laastens word twee resensies ingesluit. Een deur **Sarah Posman** oor *Plezier in poëzie: een handleiding poëzieanalyse voor de internationale neerlandistiek* deur Judit Gera en Jos Kleemans. So ook 'n resensie deur **Tyron de Villiers** oor 'n vertaling van die gewilde misdaadskrywer Jef Geeraerts se *Mister Angelo Alzheimer* deur Fanie Olivier.

Dit is 'n mooi uitgawe met uiteenlopende bydraes. Ons spreek graag ons dank uit teenoor die teksversorger Kristèl de Weerd en ons uitlegkunstenaar Christa van Zyl. Op hoop van zegen!

Universiteit van Wes-Kaapland